



# RAADPLEEG ASSEBLIEF DIE VOLGENDE HULPBRONNE EN MAAK SEKER DAT HULLE IN JOU FASILITEIT BESKIKBAAR IS:

1. Batho Pele-beginsels
2. Pasiënt se Regte en Verantwoordelikhede
3. Pasiëntgesentreerde Kraamsorg: Boodskappe vir diensgebruikers en hul lewensmaats
4. Sorg: Selfsorg-strategieë vir gezondheidswerkers
5. Gesonde swangerskap-brosjüre
6. Veilige geboorte-brosjüre
7. Geboortemetgeselle: Ondersteun ma’s tydens geboorte
8. Jy kan veilig wees: Hoe om die kringloop van huishoudelike mishandeling en geweld te breek
9. Waarom ly vrouens aan depressie en angs tydens swangerskap en geboorte?

Bedankings: Tekeninge -

Greame Arendse  
(e-pos: boeta.gee@gmail.com)  
Teks - Perinatal Mental Health Project  
(www.pmhp.za.org)



## NUTTIGE NOMMERS

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

## PASIËNT GESENTREERDE KRAAMSORGKODE

### BOODSKAPPE VIR DIENSVERKAFERS

Die Wes-Kaapse Departement van Gesondheid is verbind tot pasiëntgesentreerde sorg as ’n grondbeginsel van die 2030-konsepstrategie. Die Departement het die kernwaardes van omgee, bevoegdheid, aanspreeklikheid, integriteit, deelnemendheid en respek (C<sup>2</sup>AIR<sup>2</sup>) aangeneem. Om die beste sorg vir ’n swanger vrou en haar baba te verskaf, is die hoeksteen van ’n gesondheidsorgstelsel wat goed funksioneer. Daarom is die toepassing van ’n pasiëntgesentreerde benadering in die kraamomgewing ’n deurslaggewende stap om ons gesondheidstelsel te versterk. Hierdie bosjüre verduidelik hoe jy as ’n venoot om pasiëntgesentreerde sorg te verskaf, kan verseker dat die gesondheidstelsel gehalte sorg aan moeders en babas verskaf.



**Kom ons maak ons gesondheidsorg  
BETER TESAME.**



Wes-Kaapse  
Regering  
Gesondheid

BETER TESAME.

## ELKE VROU HET DIE REG TOT EFFEKTIEWE MOEDERSORG

- Lig vroue in oor watter dokumente hulle na die voorgeboorteklinieke moet bring. Sy kan egter nie geweier word as sy nie hierdie papiere het nie
- Geen vorm van mishandeling deur personeel sal geduld word nie
- Gesondheidswerkers moet aan protokol voldoen
- Moenie vrouens in aktiewe kraam ontslaan nie. Indien nie in aktiewe kraam, gee duidelike inligting oor hoe om te monitor en wanneer om terug te keer
- Elke gesondheidswerker moet voldoende opleiding, toesighouding en ondersteuning ontvang om:
  - Empatiese sorg (loop in die pasiënt se skoene) te verskaf.
  - Te sorg vir erge beangste of onrustige vrouens.
  - Vrouens te ondervra na moeilike geboortes of verlies
  - Om sulke pasiënte toepaslik te verwys.
  - Om selfsorgdienste (ondervraging, sterfgevalberading, ICAS) te assesseer.

## GESONDHEIDSWERKERS EN PASIËNTE HET ALBEI DIE REG OM MET RESPEK EN WAARDIGHEID BEHANDEL TE WORD

- Groet vroue en hul metgesel/lewensmaat deur vriendelik te wees en medelye te betoon

- Spesiale sorg moet gegee word vir pasiënte met spesiale behoeftes (bv. tieners) of gestremdhede (pasiënte is doof, blind of het fisieke, geestelike of sielkundige gestremdhede)
- Personeel op dag- en nagskof moet ondervra en ondersteun word
- Daar moet 'n proses wees waardeur gesondheidswerkers gekomplimenteer kan word
- Daar moet aktiewe promosie van die regte van personelede wees om met respek en waardigheid behandel te word deur pasiënte, metgeselle en lede van die publiek.

## ELKEEN HET DIE REG TOT KORREKTE GESONDHEIDSINLIGTING

- Maak tyd om persoonlike vrae te beantwoord
- Inligtingspamflette moet beskikbaar wees
- Gesondheidswerkers moet die jongste inligting hê en moet van genoeg hulpbronne voorsien word

## ELKE VROU HET DIE REG TOT 'N METGESEL TYDENS KRAAM

- Moedig die swanger vrou aan om 'n geboortemetgesel te identifiseer
- Laat metgeselle toe om afsprake by te woon
- Maak ruimte beskikbaar vir geboortemetgeselle
- Leer die metgesel hoe om die vrou te help tydens kraam (bv. water te gee, haar rug te vryf, help haar om rond te loop)
- Lig die sekuriteitsmaatskappy se dag- en nagskofspan in om metgeselle met die regte dokumente by die fasiliteit in te laat



## GEMEENSKAPPE WAT HULLE DIEN

- Identifiseer 'n Pasiëntgesentreerde Kode-kampioen en vertoon haar/sy kontakbesonderhede in die fasiliteit
- 'n Gesondheidswerker moet die kraameenheid verteenwoordig by gemeenskapsgesondheidsforumvergaderings
- Vertoon Batho Pele-beginsels in publieke areas
- Lig pasiënte in oor die komplimente- en klagteprosedure
- Lig bestuur in oor die behoeftes van die personeel (emosionele ondersteuning, opleiding, professionele ontwikkeling, hulpbronne, ens.)